

DIE BOKSGEVEG

Deur Anzelle Muller

Vanaand, soos alle ander aande, is COVID-19 die hoofgesprek op die seweur nuus. Maar vanaand is daar iets ander, iets meer interessant. Caleb sit en staar vir die televisie asof daar geen mens om hom is nie. Maar wat kan so interessant wees vanaand? Toe hoor ek...

“Vanaand op die seweur nuus gaan ons bietjie meer uitvind oor die bedreiging genaamd COVID-19 en wat in ons liggaam gebeur as die virus binnekom.” Nou verstaan ek hoekom staar hy so vir die televisie.

Na die seweur nuus is dit slaaptyd, maar die gesprek van COVID-19 draai steeds in Caleb se kop. Mamma sit hom in die bed en hy raak sommer dadelik aan die slaap. Diep in sy drome is dit tyd vir 'n boksgeweg. Orals is daar ligte en musiek wat speel... Die arena is volgepak met virusse en bloedselle. Almal juig en skree vir die vegters. In die boonste hoek van die arena is die mediese span reg om te help as die geweg handuitruk. Die geweg is tussen COVID-19 in die regterhoek in helder groen en in die linkerhoek Witbloedsel opgetooi in wit. Albei is baie sterk vegters. Wie sal tog die geweg wen?

Die reëls is verduidelik en die klok lui, die geweg begin en die vegters stap na mekaar toe. Witbloedsel laat nie op hom wag nie, hy stamp teen COVID-19 se bolvormige lyfie dat hy doer trek. Witbloedsel se aanval is sterk. Gaan hy dit kan volhou? COVID-19 spring op en storm op Witbloedsel af en gee hom 'n hou in die maag. Witbloedsel sak af op sy knieë maar is vinnig weer op sy voete. Die geweg duur lank, die skare sit in afwagting

om te sien wat gebeur. Na nege uitmergelende rondtes slinger Witbloedsel vir COVID-19 teen die toue vas; hy slinger homself terug na Witbloedsel. Witbloedsel laat nie op hom wag nie hy gryp hom in die lug en woer-woer hom in die rondte. COVID-19 val op die mat neer. Die geveg is verby. Die skeidsregter tel COVID-19 uit en die mediese span skud net hulle koppe. Hy is uit.

Witbloedsel het gewen en die skare juig en sing. COVID-19 staan nie 'n kat se kans teen die Witbloedsel nie.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoe laat is die nuus?
 - a. Vyfuur
 - b. Seweuur ✓
 - c. Negeuur
2. Waarvoor gaan die nuusberig?
 - a. Oor COVID-19 en wat in die liggaam gebeur. ✓
 - b. Oor die inenting teen COVID-19.
 - c. Dat diere ook nou siek word van COVID-19
3. Wie het vir Caleb in die bed gesit?
 - a. Pappa
 - b. Sussie
 - c. Mamma ✓
4. Die bokseveg waarvoor Caleb droom is tussen COVID-19 en wie?
 - a. Rooibloedsel
 - b. Bloedplaatjie
 - c. Witbloedsel ✓

5. Watter woord beskryf COVID-19 se lyf?
- a. bolvormig ✓
 - b. vierkantig
 - c. lank en skraal
6. Hoeveel rondtes lank het die twee geboks?
- a. een rondte
 - b. nege rondtes ✓
 - c. ses rondtes
7. Wie is die virus in die storie?
- a. COVID-19 ✓
 - b. Die skeidsregter
 - c. Witbloedsel
8. Wie het COVID-19 uitgetel?
- a. Die skare
 - b. Witbloedsel
 - c. Die skeidsregter ✓
9. Wie het die geveg gewen?
- a. Rooibloedsel
 - b. Witbloedsel ✓
 - c. COVID-19
10. Uit die storie, weet jy wie beskerm die liggaam teen siektes?
- a. virusse
 - b. rooibloedselle
 - c. witbloedselle ✓